

GEDRAMATISEERDE PROSA

50% van jou termynpunt vir Skeppende Kunste gaan bestaan uit punte vir 'n opvoering.

Hierdie termyn gaan jy dus 'n stuk prosa moet dramatiseer, d.w.s. jy gaan 'n storie moet **VERTEL** - nie voorlees nie - en jy gaan dit met gevoel moet **OPVOER**.

Bestudeer solank die onderstaande inligting en begin solank werk aan jou opvoering. As gevolg van die Covid-19 gevaar sal van elkeen verwag word om **ALLEEN** 'n voordrag te doen!!! Dit is nie 'n groepstaak nie.

Inleiding

Jy hoef nie 'n opgeleide akteur te wees om stories dramaties te kan vertel nie - enigiemand kan dit doen. Dit is 'n wonderlike manier om stories en karakters in jou verbeelding te laat lewe en mense te inspireer om meer gevoelvol te lees.

Vaardighede van 'n goeie performer :

- * helder uitspraak
- * wisseling van stemtoon en volume
- * gesigsuitdrukings
- * gepaste gebare - sonder om oorboord te gaan
- * interaksie met ander, ook met die gehoor
- * bewustheid van die gehoor

Dink 'n bietjie aan jou gunstelingakteurs in films en op TV. Hoekom is hulle so goed? Wat maak hulle besonders?

1. Teksanalise

Dit beteken gaan kyk na jou teks en ontleed dit. Maak seker jy verstaan die stuk. Vra vir jou vrae soos:

- * Wie is die skrywer?
- * Vir wie het hy die stuk geskryf?
- * Hoekom het hy dit geskryf?
- * Wanneer is die stuk geskryf?
- * Wat is die tema van die stuk? (m.a.w. waarom gaan die stuk?)
- * Wie vertel die storie?
- * Aan wie word die storie verel?
- * Wanneer speel die storie af?
- * Watter tipe verteller is aan die woord?

2. Verhaaltegniek

* Wat is die styl van die storie wat die skrywer vertel? Is dit byvoorbeeld 'n feevertaal, legende, liefdesverhaal, spookstorie?

* Hoe sou jy die storie opvoer - watter trant sal jy gebruik? Gaan jy 'n storie vertel, gaan jy 'n geselstrant gebruik, gaan jy reflekteer of is dit dalk meer intiem?

Jou volgende stap is om te kyk na maniere waarop jy die woorde so kan opvoer dat hulle ware betekenis uitgebeeld gaan word.


- * Hoe gaan jy frasering gebruik?
- * Hoe beïnvloed die puntuasie die betekenis en opvoering?
- * Waar gaan jy pouseer om sekere woorde te beklemtoon
- * Stemvolume - waar gaan jy harder en waar sagter praat?
- * Stemtoon - watter toon gaan die beste pas? Dis die manier waarop jy 'n ding sê.
- * Infleksie (stembuiging) - die op- of afgaan van jou stem byvoorbeeld as jy 'n vraag vra.

3. Woordelike karakterisering en fisiese uitdrukkingsvermoë

- * Hoe sou jy die stemming of atmosfeer met jou stem vasvang? byvoorbeeld hard en aggressief/ sag en teer/ energiek en snaaks.
- * Hoe sou jy die stemming vasvang deur jou liggaam te gebruik? Byvoorbeeld met groot of klein bewegings, gesigsuitdrukkings.

5. Helder stem

- * Warm jou stem vooraf op - dit sal help om die regte aanslag te gee.
- * As jy op die verkeerde oomblik te hard praat, verloor jy die gepaste toon.
- * Hoe gaan jy seker maak dat almal in die gehoor alles hoor wat jy sê?
- * Die skrywer gebruik woorde wat hy versigtig gekies het - om te verseker dat jou gehoor alles hoor, moet jy jou woorde behoorlik artikuleer (uitspreek) en projekteer.



6. Kontak met die gehoor

- * Jy moet die gehoor se aandag behou.
- * Jy moet die gehoor boei.
- * Hoe gaan jy jou gehoor betrek?
- * Hoeveel kontak met die gehoor benodig die stuk?

(Bron: <http://www.titanweb.co.za/Term%202%20Published/grade9/ca/drama2/page10.html>)

Hier is 'n voorbeeld van 'n prosastukkie wat baie gewild is vir gedramatiseerde voordrag.

Die verhaal van die PARMANTIGE SAMARITAAN:

In die katkisasieklas was daar 'n outjie wat nie juis baie aandag gegee het nie en toe die dag van aanneming plaasvind, besluit die dominee dat hy hom 'n paar vrae gaan vra om te kyk of hy darem iets geleer het gedurende hierdie tyd.

"Jannie", sê die dominee, "was die katkisasie die moeite werd? Het jy darem iets geleer?"

"Ja, Dominee, daardie storie van die Samaritaan, onthou ek baie goed!"

'Aaaa', dink die dominee by homself en lig verbaas sy wenkbroue, 'Hy het darem na iets geluister'

"Die Samaritaan, Jannie? Watter Samaritaan?"

"Die parmantige Samaritaan, Dominee", antwoord Jannie ewe selfvoldaan en gretig en knik sy kop op en af, tog te bly hy het die dominee beïndruk. Die dominee het so effens gefrons.

"Nou maar vertel my so bietjie van dié Samaritaan, Jannie!"

Jannie het sy oë vir 'n rukkie toegemaak en sy mond op 'n punt getrek soos hy dink en toe trek hy los. "Dis nogal 'n langerige storie, Dominee."

"Ek het genoeg tyd, Jannie, ek wil graag die storie hoor. Dis vir my een van die mooiste vergelykings."

Jannie haal diep asem. "Die parmantige Samaritaan het in die pad geloop, toe kry hy mos die man wat halfdood daar lê. Die dorp waar hy gewoon het was kwaad vir hom, want hy het iets met die rivier gedoen en toe verander die water in wyn. Hulle was nie daarvoor kwaad nie, maar die wynrivier was vol paddas en toe hulle dit drink, kry hulle bose swere. En toe slaat hulle hom.

Die parmantige Samaritaan wou nog die man help, maar toe kom sy broers en gryp hom, want hy het nie vir hulle van sy sop gegee nie. En hulle gooi hom toe in 'n groot put, maar onder in die put was 'n leeu. En die leeu was baie honger en wou hom net opvreet, want hy het 'n bokkie se vel oor sy arms gedraai.

Maar gelukkig kom farao Moses se dogter toe daar verby. Haar naam was Rut en sy trek hom uit die put en vat hom saam met haar na haar huis toe. Hy was eers baie skaam, want hy het nie

SKEPPENDE KUNSTE: DRAMA GRAAD 9 Bladsy 4 van 4

klere aangehad nie. Sy broers het sy mooi bont jas gesteel wat sy pa, Dawid, vir hom gekoop het. Toe gee sy vir hom vyeblare waarmee hy 'n broek gemaak het.

Maar farao Moses was bang hy wou met sy dogter trou, want hy het 'n droom gehad en toe gooi hy hom in die tronk. Daar was 'n ander man ook in die tronk. Sy naam was Paulus. Eendag toe gaan die tronk se deure sommer net oop en hulle ontsnap. Hulle het sewe keer om die stad geloop en toe val die stad se mure om. Die stad se naam was Jerepigo. Hulle het groot geskrik en gaan kruip toe by familie weg. Paulus se boetie se naam was Kaiing en hy het die Parmantige Samaritaan met 'n tou uit sy huis wat baie hoog was, laat sak toe die polisie na hom kom soek. Onder die muur was daar 'n donkie. Die donkie se naam was Bileam en hy kon praat - soos Shrek se donkie

Die parmantige Samaritaan klim toe op die donkie en toe begin die donkie weghardloop. Die parmantige Samaritaan se hare was lank en het opgewaai in die wind. Toe die donkie in die bos in hardloop, waai sy hare in 'n tak vas en daar hang hy aan sy hare en die donkie hol weg.

Hy het lank gehang tot sy nek baie moeg was. Gelukkig kom daar toe 'n vroumens verby - sy het 'n skaapskêr by haar gehad - haar naam was Dilila. Sy knip toe die parmantige Samaritaan se hare en hy val binne in 'n bos, maar die bos was aan die brand. Dit het gebrand vir 40 dae en 40 nagte en toe begin dit gelukkig te reën. Dit het baie gereën. Sommer baie, baie. Eers het die riviere afgekom en toe het alles sommer afgekom.

Die parmantige Samaritaan moes net swem en swem tot hy moeg was. Gelukkig kom oom Noag se skip verby, maar ongelukkig wou oom Noag nie die parmantige Samaritaan oplaai nie, want die skip was te vol. Hy het maar verder geswem en geswem, tot daar 'n groot vis verbykom en hom insluk.

Die parmantige Samaritaan is toe nie dood nie, maar hy het daar binne in die vis gebly vir lank en van manna en karteltjips geleef, maar toe word die vis naar en gaan land toe en hy spoeg die parmantige Sarmaritaan daar uit - stuk, vir stuk, vir stuk - twaalf mandjies vol. Daar was mense op die strand en hulle het die stukkies weer aanmekaar gesit en toe was hy 'n soutpilaar.

OPDRAG:

1. Jy moet 'n storie vir formele assessering dramatiese kom opvoer. Voorlopig sal ons op **17 Augustus** met die opvoerings begin. Jy kan die storie hierbo kom vertel **OF** jy kan een van die volksverhale in jou leesboek kies (Jy hoef nie die storie woord vir woord soos dit in die boek staan op te sê nie – jy moet net die storie kan vertel) **OF** jy kan 'n storie van jou eie kies.

Ek sal die assesseringsrubriek vir julle gee wanneer die skool weer begin.

2. **ONTHOU** om die maskers klaar te maak. Dit moet op **10 Augustus** ingehandig word en sal vir die ander 50% van jou termynpunt tel.